Die Rietfluit

Rietfluit familiebrief Januarie 2005

Oase vir Ouers

Kinders soek by hul ouers veral vier versekerings:

- dat hulle behoort
- dat daar tussen hulle en hul ouers 'n spesiale band bestaan
- dat hulle in hul ouers se oë waarde het en
- dat ouers in hul glo as mense wat iets sal bereik

(Verwerking uit : Man op pad na môre van J Smit)

Seuns is geskenke van die Here,
kinders word deur die Here gegee
(Ps 127:3)

Waardeer julle kinders as geskenke uit Sy hand en gee aan hulle in 2005 die versekerings wat hul nodig het.

Mooi jaar vir elke gesin !
ds Leon van Heerden

Hoe kan ons 'n verskil maak by dwelmafhanklikes in die Moot **?**

Dit is die vraag wat alle ouers, geestelike leiers, jeuggroepe, selgroepe en almal wat omgee, moet vra !

Op **Sat. 12 Februarie 2005** word 'n **seminaar** aangebied om 'n antwoord te gee op bogenoemde vraag.

Aanbieder: Ado Krige *(werk meer as dertig jaar reeds met dwelmverslaafdes)*

Tyd: 8:30-12:30



VISIE:
Om dié Gemeente te wees waar lidmate, gedring deur die liefde van Christus, vir mekaar én ander omgee

Waarheen is ons oppad?

'n Noodsaaklike fokusverskuiwing in die leraars se bediening

Verskeie faktore het daartoe bygedra dat daar oor die (voltydse) leraars se bediening besin moes word:

- ***Eerste dinge eerste****.* Die *primêre taak* van die leraars volgens die Bybel en kerkorde is die bediening van die Woord en toerusting (Nie kermisse reël, administrasie, fondsinsamelings, leiding neem by alle vergaderings, alle bedieninge in stand hou ens nie). Deur leiers en lidmate wat toegerus is kan hulle almal saam, met die gawes wat die Here aan hulle gegee het, die gemeente opbou. *Almal* se gawes werk saam tot opbou van die gemeente. Lees gerus Efesiërs 4:11-16 en 1 Kor 12. Ons is almal deel van die "bemanning" van God se oorlogskip, die kerk. Die dae van passassierskip speel is verby. Ons kan dit nie bekostig nie!

- ***Verandering in praktiese situasie*****.** Tot ongeveer vyf jaar gelede het die situasie in die leraar se bediening naastenby soos volg daaruit gesien: 85% van bedieningstyd was gewy aan gewone bedieningsake soos bv vergaderings, siekebepastoraat, roupastoraat, huwelikskategese, doopkategese, huisbesoek, gebedskring, Aksie-verpligtinge, Bedienings-verpligtinge, preek-voorbereiding, beplanning, admin, Rings- en sinodale-verpligtinge. Ongeveer 15% was aan krisispastoraat gewy. Vanaf ongeveer 1999 het die situasie dramaties verander. Tans word ten minste 50 % van bedieningstyd deur krisispastoraat opgeëis (dit is gevalle soos depressie, selfmoordneigings, werkloosheid en finansiële probleme, huweliksprobleme, egskeiding, gesinsprobleme, alkoholafhanklikheid, dwelmafhanklikheid, trauma-gevalle vanweë roof, aanranding, mishandeling ensomeer asook berading aan lidmate wat uitbranding ervaar vanweë oorwerking en oorspanne wees). *Wat gewoonlik in 85% van bedieningstyd gedoen was moet nou op een of ander manier in veel minder as 50% tyd gedoen word.* Die gevolg is dat die leraars verseker nie op die ou manier van doen kan voortgaan nie. Hul word gedwing om opnuut keuses te maak en te prioritiseer.

- ***Leierskapontwikkeling:*** Dit is geen geheim dat een van die swakste skakels in ons gemeente leierskapontwikkeling is nie. Effektiwiteit van 'n gemeente hou verband met die sterkte van leierskap. Geen wonder dat Jesus die meeste van Sy tyd saam met Sy klein kringetjie dissipels spandeer het om elkeen as 'n leier te ontwikkel en voor te berei vir groter dinge wat wag nie. Die leraars het toenemend tot die besef gekom dat leierskapontwikkeling dringend ook een van hul grootste prioriteite moet wees. Dit vra van hul 'n ander bedieningsfokus en werkswyse.

- ***Leraars het ook verskillende gawes****:* Die leraars het van die Here *verskillende gawes* ontvang om elk 'n eiesoortige bediening volgens hulle Godgegewe gawes te hê. So kan die Here se gemeente die beste gedien word.

In die lig van bogenoemde het die kerkraad ten opsigte van die voltydse leraars besluit:

1 Dat die leraars se bediening *primêr fokus* op Woordbediening en toerusting.
2 Dat die leraars se bediening meer gefokus word deur *God se roeping en visie vir die gemeente.*
3 Dat die leraars se bediening meer deur hulle *Godgegewe gawes* en passie gerig sal word.
4 Dat *krisispastoraat* volgens die groeiende nood 'n wesenlike fokuspunt van die leraars se bediening sal wees.

5 Dat leraars sover moontlik ten alle tye *beskikbaar en toeganklik* sal wees vir mense in nood.

6 Dat die leraars roepingsbewus die *gewone pastoraat en algemene bedieningstake* sal hanteer, soos bv geestelike versorging, siekepastoraat, roupastoraat, ondersteuning van beproefdes, huwelikskategese, doop-kategese, diens van gebede, sekere vergaderings, betrokkenheid by bepaalde Bedieninge en Aksies.

7 Dat *leierskapontwikkeling* 'n hoë bedieningsprioriteit van die leraars sal wees.

8 Dat leraars nie by sake en verantwoordelikhede wat ander persone kan doen *onnodig betrek* word nie.

9 Dat die *besoekwerk* van leraars die volgende insluit : Nuwe intrekker-besoeke, siekebesoeke, hospitaalbesoeke, groepsbesoeke, huisbesoek op versoek, pastorale besoeke en besoeke aan leierouderlinge asook voositters van Bedieninge.

10 Dat leraars se bedieningsprogram beter gestruktureer word dmv 'n *spreekkamerbediening***.**

In kort: die leraars is vir enige persoon wat hul dienste benodig beskikbaar :

- *In nood:* dag of nag tot u diens
- *Op versoek of afspraak*. Hul wil graag vir u tot diens wees indien u hulle diens benodig. Kontak hulle en maak 'n afspraak.
- Elke *Donderdag oggend* is hulle by die kerk beskikbaar met 'n oop-deur spreektyd van 9:00 tot 12:00. Dit beteken u kan die leraars op hierdie tyd sonder afspraak spreek.
- *Direk na eredienste* sal die leraar wat gepreek het vir gesprek beskikbaar wees.

Dankie vir u samewerking en dat ons saam aan Sy gemeente bou!

2005 is Jeugjaar in Rietfontein-Suid



ONS JEUG : ONS WIL HULLE GRAAG BETER BEREIK EN BETREK BY DIE GEMEENTE

'n Aantal *kenmerke* van tieners van vandag se denke en gevoel

- Beleef generasiegaping (vertrouensbreuk en agterdog)
- Glo nie dinge is so simplisties/wit of swart/reg of verkeerd nie. Daarom groter openheid en verdraagsaamheid teenoor ander standpunte en sieninge. Opstand teen outokratiese, voorskriftelike en dominerende houding van ouergeslag.
- Bevraagteken alles en almal bv. *wie sê dit is wat die Skrif regtig sê ?*
- Geen lojaliteit nie. Aanvaar nie wat die kerk doen net omdat Pa of Ma dit gedoen het nie. Bly nie meer in die kerk/gemeente as nie gelukkig of tuis voel nie.
- Beweeg van *reg weet* tot *reg leef*. Stel nie belang in dogma nie, eerder in dit wat hul help met die konkrete probleme van die lewe (praktyk).
- Beweeg van kennis van absolute waarhede tot ervaring van lewenswaarhede.
- Die groep is vir hulle baie belangrik. Ouers is grootliks afwesig en daarom is portuurgroep grootste invloed in hulle lewe. Sosiale saam-wees met ander tieners is deel van hul "wese".

➢ ***Kan ons hulle meer betrek/meer laat deel wees van die gemeente?* JA, maar dan beteken dit dat ons nog meer aandag aan hulle behoeftes moet gee met inagneming van bogenoemde sake, sodat hulle beleef:**

- *Hierdie gemeente maak vir ons voorsiening. Hulle gee om vir ons behoeftes. Ons wil hier wees!!*
- *Ons is gelukkig hier, want:*
  (1) Ons taal word gepraat;
  (2) Ons sing jeugliedere;

(3) Dinge word vir ons visueel op `n skerm gewys, sodat ons dit beter kan verstaan
*(4) Dit voel ook soos **ons** (jeug) se kerk.*

- **Ons wil hierdie situasie in ons gemeente positief hanteer!**
  - Ons wil nie net bly by die status quo en ons jongmense en hul behoeftes ignoreer nie;
  - Ons maak nie vroom allerlei beskuldigings teenoor ons jeug kwyt en gee hulle maar teensinnig bietjie meer ruimte nie.
  - Ons aanvaar die situasie as `n groot uitdaging en gryp die geleentheid in die Naam van die Heer aan om ons tieners te wen vir die Here en die kerk. Om dit te doen moet ons geestelik volwasse wees en pro-aktief optree deur die volgende te doen:

    - ✓ Bid, bid en bid vir ons tieners en hulle ouers asook vir die Kinder- en Jeugbediening.
    - ✓ Ons moet voortdurend maniere vind om geloofwaardig aan ons tieners te kommunikeer dat *hulle* ook vir ons belangrik is en dat Rietfontein-Suid ook *hulle* gemeente is.
    - ✓ Ons moet ruimte maak vir groter verskeidenheid wat ook op ons tieners gerig is. *Dus meer tiener-vriendelik wees!*
    - ✓ Die toerusting van ouers moet dringend en deurlopend aandag geniet *(Die eerste geleentheid begin op 2 Februarie vanjaar – sien inligting elders in hierdie Rietfluit),*
    - ✓ Ons volg `n nuwe benadering in ons hele jeugbediening waarin:
      - ❖ Jeug- en Gesinsbediening nouer saamwerk
      - ❖ ‘n Bedieningstyl ontwikkel word wat rekening hou met die eie-aard van tieners, bv. hul vlge kenmerke:
        - groepsgevoel: kleingroepe (dissipelgroepe)
        - sien/visuele: data-projektor
        - musiek en sang: eie voorsanggroep
        - liggaamlikheid: meer aktief betrokke
        - meer in tiener-taal kommunikeer
        - groter fokus op konkrete lewensprobleme
        - jeug moet jeug bedien

- **Om uitvoering aan bogenoemde te gee, het ons Kerkraad die volgende goedgekeur:**

  - Dat `n Jeugwerker aangestel word wat `n goeie aanvoeling en passie vir tieners het *(George Dickenson, een van ons BKJA-lede, is aangestel);*

  - Dat die senior Kategese-opset verander:
    - ✓ Die jongmense kom Sondagaande in kleingroepe byeen waar meer omgee vir mekaar /dissipelskap (leer deur modellering)/ens. kan plaasvind;
    - ✓ jong belydende lidmate (wat die Jeug verstaan en hulle taal praat) tree op as jeuggroepleiers (14 van ons BKJA lede tree al vanaf Okt 2004 op as groepleiers en kry kwartaalliks toerusting)
    - ✓ die inhoudelike van die kategesestof word deur leraars tydens die aanddienste oorgedra en daarna in die groepe bespreek;
    - ✓ die aanddienste is meer informeel, die tieners woon saam met hul groepleier die diens by, die leraars staan onder en soms kan bespreking plaasvind.

  - Dat twee van die aanddienste per maand volledige *jeugdienste* is met eie Jeugvoorsanggroep en `n spreker van buite (by een van die 2 jeugdienste);

  - ***Dat 2005 “Jeugjaar” in ons gemeente is.*** Dit beteken dat al die Bedieninge in dit wat hulle deur die loop van die jaar aanbied, voorsiening maak vir die Jeug. So bv is een aand van Gesinsbediening se Huweliksweek op die Jeug gerig, een aand van Sendingbediening se

Sendingfees is op die jeug gerig, tydens Pinkster reël Erediensbediening en Kinder-en Jeugbediening vir `n Jeugpinksteraand en vir kinder-pinksteraande, ens.

Mag ons almal so saamwerk dat ons jeug sal weet en voel dat hulle werklik deel van ons gemeente is!

Onthou: As jy die bloeisels in die lente afpluk, moenie te veel vrugte in die somer verwag nie.
(Booth)

DIENS VAN BARMHARTIGHEID



Einde verlede jaar het ons afskeid geneem van Marie Louw wat vir baie jare ‘n bekwame en geliefde huismoeder by Huis 4 was. Sy het aftree ouderdom bereik en haar gesondheid was ook nie meer na wense nie. Ons sê vir haar dankie vir haar onbaatsugtige en liefdevolle diens aan Huis 4 se kinders. Waar sy nou in Ermelo by haar kinders bly, wens ons haar alles van die beste toe.

Die ***nuwe huismoeder is Rachel Labuschagne***, en sy het reeds die leisels mooi vas. Huis 4 is nou net ‘n seunshuis waarvan die meerderheid in die laerskool is.

Die geld wat tydens die Kersdiens ingesamel is, het meer as handig te pas gekom toe skoene en skoolklere vir R2 857,10 gekoop kon word en die res, naamlik R314,10 aangewend is om die vleiskrisis te verlig. Ons sê ‘n groot dankie aan almal wat bygedra het.

Alle kontant of tjeks vir Huis 4 moet asb. by die kerkkantoor inbetaal word. Meld asseblief spesifiek dat die geld vir Huis 4 bedoel is. Ander bydraes bv. vrugte ens. kan direk aan die huismoeder gegee word.

Baie dankie aan elkeen van u wat gedurende 2004 op watter wyse ookal bygedra het om dinge glad te laat verloop.

Onthou asb. koskasbydraes elke eerste Sondag van die maand. Baie dankie vir u ondersteuning.

SENIOR LIDMATE BEDIENING

. Die Kuierhoekie

Hierdie Bediening het ‘n baie spesiale aksie, genaamd *(Woensdae om 10:00)* wat op ‘n besondere wyse mense (65 jaar en ouer) sosiaal wil laat bymekaar kom. Die aksie bestaan uit kuiergeleenthede, uitstappies, ens. en voorsien in ‘n baie spesiale behoefte, naamlik dat ons nie net gemeente-lede saam is nie, maar ook vriende in die Here word.

Almal is baie welkom. U hoef nie eensaam te voel of te word nie! Kom ervaar vriendskap binne die dampkring van God se liefde en mede-gelowiges se omgee. Ons wag op u.
Navrae: ds. Ernst (Tel 330 0632)

DEEL GOD SE LIEFDE EN GENADE MET HINDUS

Klassieke of filosofiese hinduisme

- **Die geloof dat daar net een God is.** Die baie gode is die gesig van een God. Soos gesien as die 'een absolute prinsipaal', genaamd Brahman. Elke ding wat bestaan het sy ontstaan deur hom. Hy het dit nie gemaak nie, maar eerder geboorte geskenk. Dit beteken dus dat elke ding goddelik is. Teenkanting teen hierdie onpersoonlike mening van God, is die skoling wat leer van die nie-persoonlike betrokkendheid van God met hierdie skepping en dus ruimte bied vir persoonlike aanbidding en toewyding. (Bhakti)
- **Die geloof in karma, die wet van rede en gevolg.** Wat jy saai sal jy oes. Almal sal swaar kry of die nagevolge van hul optredes geniet. Dit is `n etniese wet wat die regverdige vergoed en die onregverdige straf.
- **Die geloof in reïnkarnasie of samsara.** Karma maak die geloof in reïnkarnasie noodsaaklik. Jy het `n ander geboorte nodig om die nagevolge van jou aksies te oes. Jy mag moontlik as `n priester of `n dier terugkeer.
- **Die geloof in maya of illusie.** Maya is die geloof dat die sigbare 'n illusie is. Dit is nie werklik nie; dit is van verbygaande aard. Die sigbare verblind `n persoon tot die onsigbare. Die basiese vraag waarop die Hindu 'n antwoord soek, is hoe hy van die illusie verlos kan word.
- **Die geloof in moksha of vrylaat.** Moksha is vrylaating van die ketting van hergeboorte en van die illusie van die menslike bestaan (maya). Dit gebeur wanneer `n persoon een word met die *'absolute werklikheid' (Brahman*), soos `n druppel water in die oseaan. Hierdie vereniging of ekstase word `samadhi` genoem en dit kan bereik word deur die metodes van die ses oorleweringskole of `darsanas`. Van hierdie is die Yoga skool of spirituele dissipline met sy sewe departemente belangrik. *(Hiervan moet kennis geneem word.)*
- **Die geloof in adhikara of spirituele bekwaamheid.** Die leerstelling verlang dat die geloofsdissipline en rituele in lyn moet wees met die spirituele bekwaamheid of aanleg van die persoon.
- **Die geloof in isshta-devata of verkose godheid.** Die leerstelling leer dat die aanbidders moet van die baie vorms van Absolute Werklikheid (Brahman), diè god of gode kies wat aan hulle spirituele behoefte voldoen. Hierdie twee leerstellings lei ons na die hart van Populêre Hinduisme.

Die tweede mees algemene groep in Suid Afrika, is Saivism. Haar omgang is met Devi. Sy verskyn in verskillende vorms soos bv. Parvathi, Durga, Kali, Draupadi, Genga en Mariamman. Die derde grootste groep is die van Saktisme. Sakti vertolk die vroulike aspekte van die gode en word veral aanbid vir krag. Sy is die ewige moeder, bekend as Shri, Lashmi, en Saravati (geluk). Kali is die hoofgod in hierdie groep. Deur die herhaling van magiese formules en mantras bekom die aanbidder heilige krag.

- **Die geloof in reïnkarnasie.** Dit is die geloof in die gode wat in verskillende vorms verskyn om mense te help.
- **Die geloof in die natuur, heilige persone en voorvaders.** Bome, see, riviere, berge en rotse word aanbid. Afgesien van die 330 miljoen ander gode, vereer die gemiddelde Hindu alle bonatuurlike dinge wat hy glo sy bestemming kan beïnvloed. Die aanbidding van voorvadergeeste is algemeen by Hindus. `n Persoon wat deur `n gees beset is, word as heilig beskou en word as `n god aanbid.
- **Die geloof in die okkulte.** Die gemiddelde Hindu leef in `n werklike supermark van gode, demigode en kragte; hy raadpleeg hulle soos wat hy hulle nodig ag. Hy is tuis in die okkultiese wêreld, die wêreld van kragte, geeste en demone. Wanneer probleme opduik

mag hy na die priester gaan wie hom deur astrologie of enige okkultiese krag raad sal gee. Of hy mag `n toordokter gaan raadpleeg, met die doel om deur wit of swart duiwelskuns gehelp te word. ***(meer hieroor volgende keer)***

FONDSEBEDIENING :

'MY VERJAARSDAGDANKOFFER'

Elke Sondag is daar koeverte by die kerk-deure gemerk **"MY VERJAARSDAGDANKOFFER"**. Indien u die maand verjaar en u voel u wil deur middel van 'n spesiale dankoffer aan die Here dankie sê vir nog 'n jaar waarin Hy u gespaar en geseën het, kan u gerus een van hierdie koeverte neem. ***(Onthou, u deelname hieraan is heeltemal vrywillig. Niemand staan onder 'n verpligting om hieraan deel te neem nie.)***

Rietfluit Redaksiehuis,
Boom 3, Tak 4,
Rietfonteinspruit



Liewe Penniefluitjies

O, dis so lekker om weer met julle te gesels! Vir my was dit 'n lang en warm Desember. Die rivier se water het begin min raak en dit het veel meer stompe gekos om ons huisdam vol te hou.

Baie maatjies het laat weet dat hulle 'n *"sonskyn en sand"* vakansie gehad het! Wonderlik nè!! En wie is vir die eerste keer groot skool toe?? By die stompskool leer die klein bewertjies baie oor die natuur en waterbesparing. Skryf asb vir my wat julle alles oor die natuur leer dat ek julle briefies aan die bewerfamilie kan voorlees.

Gooi asb al die briefies in die posbus by die Rietfontein-Suid kerkkantoor.

Hope stompwense

Bert Bewer

NS. Van die maatjies het prentjies/ foto's van hulle kersgeskenke gestuur – onthou om julle geskenke baie mooi op te pas en julle troeteldiere met liefde te versorg!!

JEUG